


## Mites oor die hel

Vir die meeste mense is "hel" eenvoudig een van ŉ paar drie-letter woorde wat hulle daagliks in die padwoede van spitsverkeer of ŉ hartstogtelike Hollywood-fliek hoor. Vir ander, egter, bring die woord "hel" duidelike kinderherinneringe van ŉ ewigbrandende vuuroond vir slegte mense. Dié het hulle in die Sondagskool of van ŉ vurige TV-evangelis gehoor. Dit maak nie saak in watter kategorie jy val nie, dit lyk asof baie van ons - indien nie almal nie - beter daaraan toe sou wees as die idee van die hel glad nie bestaan het nie. Trouens, sommige wil so graag van hierdie vreesaanjaende idee ontslae raak, dat hulle verkies om glad nie aan die hel te glo nie. Dit lei dikwels tot die volgende stap - om glad nie aan ŉ God te glo wat so ŉ plek sou skep nie.

Hoe hanteer ons hierdie vreesaanjaende idee van die hel? Verwerp ons dit en God geheel en al? Probeer ons om dit en die implikasies oor wie God is, te ignoreer? Hoop ons teen ons beterwete in dat Sondagskoolonderwysers op die een of ander manier verkeerd was? In hierdie Bybelvlugskrif sal ons ŉ ander opsie kies, naamlik om bloot vas te stel wat die Bybel regtig oor die hel sê. Sodoende sal u vind dat die waarheid u van die verskillende mites oor hierdie vreesaanjaende leer sal vrymaak.

Dit is interessant dat die Bybel ons duidelike inligting gee oor wanneer die hel sal begin en waar dit geleë sal wees. Soos u dalk sou raai, bestaan daar wanopvattings oor hierdie twee punte. In Matthéüs 13:49 praat Jesus reguit en sê: "So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande." Volgens hierdie teks en baie ander[1] sal die vlamme van die hel nie bestaan tot die einde van die wêreld nie. Dit is reg! U geliefdes word nie lewendig verbrand terwyl u hierdie biljet lees nie.

Vervolgens sien ons dat die apostel Petrus ons duidelike inligting gee oor waar die hel sal wees. Hy praat van die einde van die wêreld: "Maar die dag van die Here sal kom soos ŉ dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan, en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand."[2] Die profeet Sefanja praat ook van "die ganse aarde" wat "deur die vuur van sy ywer verteer sal word."[3] Hier sien ons dat die hel nie ŉ reusagtige kloof van vlamme in die middel van die aarde is nie, maar eerder dat dit aan die einde van tyd hier op aarde sal wees en die "hele aarde sal verteer". Miskien is die belangrikste waarheid oor die hel in die bekende teks Johannes 3:16, "Want so lief het God die wêreld gehad het dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Hier verklaar Jesus duidelik dat dit die gelowiges is wat vir ewig sal lewe, nie die goddelose nie. Regtig!? Die goddelose brand nie vir ewig in die hel nie? Net so!

Die goddelose brand net totdat daar niks meer van hulle oor is nie. Maleagi stel dit duidelik: "Want kyk, die dag kom, en dit brand soos ŉ oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, ŉ stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek."[4] Om seker te maak dat hy oor die letterlike uitwissing van die goddelose praat, sê hy verder: "Julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder jou voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare"[4]. Dit sal nie net die goddelose wees wat volkome vernietig word in die vlamme van die hel nie, maar ook Satan en sy bose engele - volgensMatthéüs 25:41 en Openbaring 20:10. In teenstelling met die algemene siening, beplan God om die magte van die duisternis te vernietig en hulle nie in beheer van ŉ ewige vuurpoel in die middel van die aarde te plaas nie!

Sommige mag sê dat daar ander tekste is soos Openbaring 14:11 en 20:10 wat daarop dui dat die goddelose vir ewig sal brand. Wel, die Bybel sê ook dat die profeet Samuel vir altyd in die heiligdom voor die Here sou bly[5] en dat die grendels van die aarde Jona[6] vir altyd ingesluit het toe hy in die see gegooi is. Dit is duidelik uit die Skrif self dat nie een van hierdie gebeurtenisse vir ewig geduur het nie. Wat ons hier sien, is twee voorbeelde van die Bybelse gebruik van die term "vir ewig" om ŉ onbepaalde tydsduur aan te dui, waar die begin en einde daarvan van die aard van die persoon, situasie of voorwerp onder bespreking afhang. ŉ Soortgelyke eietydse voorbeeld is wanneer ŉ man en vrou hul vir ewig in die  huwelik verbind. Hier beteken die term "vir ewig" eenvoudig "so lank soos hulle leef". Hoe weet ons hoe lank "vir ewig" is vir diegene wat in die hel brand? Eenvoudig: Ander Skrifgedeeltes oor die onderwerp verduidelik dat "vir ewig" in hierdie geval beteken totdat die goddelose volkome verteer is. Let op die konteks!

In die lig van hierdie eenvoudige Bybelstudie kan ŉ mens vra: "Hoe is dit moontlik dat hierdie mites oor die hel kan bestaan?" Dit is ŉ feit dat hierdie valse leer die Christendom deurdring het, nie net omdat dit ŉ goeie skriktaktiek vir kerkbywoning is nie, maar omdat ons teëstander - die duiwel - graag leuens oor God vertel. Satan word beskryf as die een wat die hele wêreld verlei - Openbaring 12:9. Waaroor bedrieg hy die mensdom? Oor God en Sy karakter. Ja, daar bestaan ware en valse leerstellings oor God in hierdie wêreld. Die waarheid is nie ŉ keuse nie, soos baie graag wil glo. Die waarheid is ŉ werklikheid wat wag om in die bladsye van die Skrif ontdek te word. Die werklikheid is inderdaad "ons God is ŉ verterende vuur"[7] vir sonde en sondaars. Die Bybel leer dat, eerder as die goddelose, dit die heilige is "wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is", wat "saam met die verterende vuur" en "by ŉ ewige gloed"[8] sal woon.

Dit is reg! Volgens Matthéüs 25:31-46 sal die hele mensdom God eendag ontmoet, in wie se teenwoordigheid "die heuwels wegsmelt en die aarde voor sy aangesig oprys"[9]. Slegs diegene wat hulle van hul sondes bekeer en God ernstig gesoek het, sal in sy vurige teenwoordigheid beskerm word waar hulle tot in ewigheid sal woon. Die goddelose sal egter ophou om te bestaan en "wees asof hulle nooit bestaan het nie"[10] nadat hulle gestraf is met "ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte."[11]

Vriende, "God is liefde"[12] - ŉ liefde wat deur vuur gesimboliseer word. Salomo sê dat God se "liefde ... ŉ gloed van vuur"[13] is. Soos vuur klei hard bak maar ys smelt, so sal sy vurige liefde die regverdige troos maar die sondaar verteer. Vandag het u die keuse om u hart teen God te verhard of toe te laat dat sy liefdesgloed u hart sagmaak. Die keuse wat ons maak, bepaal ons ewige bestemming. God bly egter dieselfde. Soek Hom vandag en Sy liefde sal u hart deur die ewigheid warm laat klop!

---

1 Voorbeelde: Matt. 25:31-41; 2 Pet. 3:3-7, 12
2 2 Pet. 3:10 3 Zeph. 1:18 4 Mal. 4:1, 3 5 1 Sam. 1:22
6 Jona 2:6 7 Heb. 12:29 8 Jes. 33:14, 15 9 Nah. 1:5
10 Obadja 1:16 11 2 Thess. 1:9 12 1 Johannes. 4:8

13 Die hooglied van Salomo 8:6

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad: ©www.iStockphoto.com

GEE LIG
AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel
Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA

**africa.glowonline.org**